

Hoe JY kan bydra tot roofvoëlmonitering en bewaringsaktiwiteite van die Roofvoëlwerkgroep (BoPWG)



Monitering

Lede van die publiek word aangemoedig om basiese monitering van roofvoëls op hul eiendom en die omliggende gebiede uit te voer. Dit kan die volgende insluit:

- Teken alle waarnemings van roofvoëls aan en verskaf die volgende inligting: datum, tyd, plek, GPS-lesing (indien moontlik), spesie (maak asseblief seker dat die identifikasie korrek is), ouderdom en geslag (indien moontlik), habitat en aktiwiteit tydens die waarneming.
- Teken alle interessante aktiwiteite van roofvoëls aan en verskaf dieselfde inligting as hierbo. Dit kan insluit arriveer-/vertrekdatums gedurende migrasie, jag-aktiwiteite, dieet, interaksie tussen voëls van dieselfde spesie, ens.
- Padtellings – gereelde (maandelikse) padtellings van roofvoëls wat langs die paaie in die gebied tydens ritte gesien word. Besonderhede wat aangeteken word, is dieselfde as hierbo genoem.

Nesmonitering

Waarnemings oor die broeiaktiwiteite van roofvoëls verskaf baie waardevolle inligting oor die biologie van die spesie. Inligting oor broeisukses (d.i. die aantal voëls wat suksesvol gebroei het gedurende 'n broeisiklus) verskaf uiters waardevolle inligting oor die gesondheid van die populasie, asook moontlike bedreigings (soos siektes). Die volgende inligting kan grootliks bydra tot ons kennis van roofvoëls se broeigewoontes:

- Teken alle broeiplekke op jou eiendom en omliggende gebiede aan. Inligting oor die neste moet die plek, datum/s, tyd wanneer nes die eerste keer gekry is, tipe nes, habitat, boomsoort, geskatte hoogte bokant die grond, ens. insluit.
- Indien waarnemers so verkies, kan die nes regdeur die broeiseisoen moniteer word deur gebruik te maak van die riglyne van die Voëldemografiese Eenheid (ADU) se Neskaart Rekord Skema (NERCS) en besonderhede kan aan hulle deurgestuur word aan

die einde van die broeiseisoen. Besonderhede van NERCS kan verkry word deur die ADU te kontak of hul webtuiste te besoek by:

<http://web.uct.ac.za/depts/stats/adu>.

- Waarnemers moet asseblief daarop let dat die meeste roofvoëls redelik sensitief is gedurende hul broeityd en kan maklik hul nes verlaat indien hulle te dikwels versteur word. Die nodige versigtigheid moet dus aan die dag gelê word.

Waarnemings van geringde roofvoëls

Mense moet altyd in gedagte hou dat die roofvoël waarna hul kyk, moontlik gering kan wees en, in sommige gevalle, toegerus kan wees met kleurringe of gekleurde vlerkplaatjies wat navorsers in staat kan stel om hierdie voëls individueel te identifiseer. In suidelike Afrika word deesdae gekleurde vlerkplaatjies aan individue van alle aasvoëlspesies, asook Visarende gesit en kleurringe aan Bleeksingvalke en Klein Gevlekte Arende. Indien jy 'n geringde/gemerkte roofvoël sien, noteer asb. die volgende:

Lewende voëls

- Bepaal die spesie
- Bepaal geslag/ouderdom (indien moontlik)
- Noteer die volle ringnommer en ander besonderhede op die ring
- Noteer besonderhede van die plek, koördinate, habitat, toestand van die voël, ens
- Stuur die besonderhede na SAFRING en verskaf jou kontakbesonderhede

Dooie voëls

- Bepaal die spesie
- Bepaal geslag/ouderdom (indien moontlik)
- Noteer die volle ringnommer en ander besonderhede op die ring
- Noteer besonderhede van die plek, koördinate,

habitat, hoe die voël gevind is, ens

- Probeer vasstel waarvan die voël dood is
- Verwyder die ring van die dooie voël se been
- Druk die ring plat en plaas dit in 'n koevert met 'n volledige beskrywing van bogenoemde inligting
- Stuur die inligting na SAFRING en verskaf jou kontakbesonderhede
- Onthou asseblief dat dooie roofvoëls (die hele voël, deel van die voël, of die geraamte) in 'n museum-versameling geplaas behoort te word (kontak asseblief u naaste museum en/of natuurbewaringskantoor vir meer inligting),

Wat om te doen indien jy 'n roofvoël met kleurringe waarneem

- Bepaal die spesie
- Bepaal die geslag/ouderdom (indien moontlik)
- Bepaal die kleurkombinasie van die ringe aan die bene
- Maak seker dat jy die regte kombinasie vir die linker- en regterbeen het (links en regs asof jy die voël is)
- Skryf die kleurkode neer van bo na onder, bv. Linkerbeen: Blou/Rooi en regterbeen: Metaal/Swart
- Noteer besonderhede van plek, habitat, hoe die voël gevind is, aktiwiteit as dit 'n lewende voël is, ens.
- Indien die voël dood is, verwyder die plastiek- en metaalringe
- Volg dieselfde prosedure as hierbo en stuur die besonderhede na SAFRING
- Stuur asseblief ook alle besonderhede van voëls (dood of lewendig) met kleurringe of vlerkplaatjies na die Roofvoëlwerkgroep (BoPWG).

SAFRING se adres:

Dieter Oschadleus
SAFRING

Universiteit van Kaapstad
Rondebosch 7701

E-pos: safring@adu.uct.ac.za


Tel. (021) 650-2421

Pad- en heiningsterftes van roofvoëls en uile

Waarnemers word vriendelik versoek om aan-tekeninge te maak van alle roofvoëls, veral uile, wat doodgery word of in draadheining vrek. Hierdie besonderhede kan aangemeld word by die BoPWG se "Road

Mortalities Database" op die webtuiste www.ewt.org.za.

Dit is belangrik om hierdie sterftes aan te meld, want



dit verskaf inligting oor die omvang van roofvoëlsterftes op paaie en stel ons in staat om probleemareas te identifiseer en stappe te neem om die probleem op te los.

Kraglyne: botsings en doodskok

Die uitgebreide netwerk van kraglyne regoor suidelike Afrika is steeds 'n hooforsaak van roofvoëlsterftes as gevolg van doodskok en botsings van voëls met hierdie strukture. As gevolg van die uitgebreide aard van die netwerk van kraglyne in landelike gebiede, word hierdie lyne selde gepatrolleer en ons mag onbewus wees van sterftes wat in sommige gebiede plaasvind. Hierdie insidente lei dikwels ook tot kragonderbrekings in 'n gebied. Grondeienaars en bestuurders word daarom aangemoedig om hierdie kraglyne op 'n gereelde basis te patrolleer en om alle sterftes aan die Roofvoëlwerkgroep (BoPWG) te rapporteer. Die Werkgroep sal probleemgebiede en insidente aan die EWT-Eskom Vennootskap rapporteer sodat hulle dit kan ondersoek en waar nodig die regte stappe sal neem om die probleem op te los.

Vergiftigings

Die ontsaglike impak wat vergiftigings op ons natuur het, is goed gedokumenteer en welbekend. Ten spyte hiervan word gif steeds regdeur die streek gebruik vir die beheer van landbouplae en tydens probleemdierebestuursprogramme. Gifstowwe word dikwels verkeerdelik en onverantwoordelik aangewend en dit maak baie voëls, veral roofvoëls, dood. Indien jy bewus is van sterftes as gevolg van gifstowwe in jou gebied, rapporteer dit dadelik aan die Gifstofwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe deur die Nashua EWT-PWG Algemene Advieslyn by 082 802 6223 te skakel.

Databasis vir waarnemings en neste

Die Roofvoëlwerkgroep (BoPWG) is tans besig om 'n Databasis vir Waarnemings en Neste saam te stel waar die algemene publiek hul data kan invoeg. Hierdie webblad sal teen die einde van 2006 beskikbaar wees op die BoPWG van die EWT se webtuiste www.ewt.org.za.

Indien u enige verdere inligting benodig, kontak gerus die Roofvoëlwerkgroep (BoPWG) se Bestuurder:

André Botha

Bestuurder: Roofvoëlwerkgroep

Selfoon: 082 962 5725

E-pos: andreb@ewt.org.za



Teks deur André Botha; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Maggie Newman; uitleg deur Africa4U

Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Faks +27-(0)11-4861506
Webtuiste: www.ewt.org.za
E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)